

## **Sing vooraf staande: Psalm 19:7 (p. 84)**

- 7 Bewaar my vir die kwaad / dat ek met trotse daad / u heil'ge wil weerstreef;  
laat nie die sonde my / oorheers, dan sal ek vry / van groot oortreding leef.  
Laat tog my tong en mond, / my hart se diepste grond, / o HEER, op wie 'k vertrou het,  
U welbehaaglik wees / wat in my hart kan lees – / my Rots, op wie 'k gebou het.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

### **Amen.**

## **Psalm 99:1, 2 (p. 492)**

- 1 God die HEER regeer. / Beef, o volke, eer, / eer die God wat troon, / waar die gérubs woon;  
wat in Israel / sy gerig bestel. / Aarde en al wat lewe – / laat dit voor Hom bewe!
- 2 God wat help in nood, / is in Sion groot; / al die volkemag / niks by Hom geag!  
Hoog gedug 's sy Naam. / Laat hul almal saam / lofsing tot sy ere! / Heilig is die HERE!

## **Geloofsbelydenis: Nicea**

### **Wet**

## **Psalm 99:4, 5 (p. 492)**

- 4 Bidders het gepleit / in die worstelstryd; / daar het lig gekom / uit die wolkkolom,  
dat hul dankbaar-trou / God se wet kon hou: / heil'ge lewensorde / hul van God geworde.
- 5 By U, HERE, is / daar vergiffenis, / ook al het u trou / nie hul straf weerhou.  
Loof, verhef die HEER; / werp jul voor Hom neer! / Bring Hom roem en ere – / heilig is die HERE!

### **Gebed**

## **Skrifberyming 15-2:1, 2 (38:1, 2)**

- 1 Ek wat die sewe sterre dra / wat vonkel in my regterhand;  
wat wandel waar die kandelaars, / die sewe goue, om My brand –  
Ek ken jou werk, al die geswoeg, / en hoe geduldig dat jy ly,  
dat jy die kwaad en leu'n nie duld / en vir my Naam en waarheid stry.
- 2 Helaas, die bruidstyd is verby! / Jou eerste liefde 't jy verlaat.  
Gedenk daaraan en seek dit weer, / die liefde met die liefdesdaad.  
En as jy tog my Woord verwerp, / dan kom Ek, maar met oordeel, weer:  
Ek neem jou kand'laar van sy plek / indien jou hart My nie begeer.

## **Skriflesing: Matteus 18:15-20; 1 Johannes 5:1-5;**

Heidelbergse Kategismus, Sondag 31:85

## **Kernvers: Matteus 18:15-17**

**En as jou broeder teen jou sondig, gaan bestraf hom tussen jou en hom alleen. As hy na jou luister, dan het jy jou broeder gewin; maar as hy nie luister nie, neem nog een of twee met jou saam, sodat in die mond van twee of drie getuies elke woord kan vasstaan. En as hy na hulle nie luister nie, sê dit aan die gemeente; en as hy na die gemeente ook nie luister nie, laat hom vir jou wees soos die heiden en die tollenaar.**

(Matteus 18:15-17 AFR53)

## Heidelbergse Kategismus

### **Vraag 85: Hoe word die koninkryk deur die Christelike tug toe- en oopgesluit?**

*Antwoord: Volgens die bevel van Christus word dié wat die naam Christen dra en tog 'n onchristelike leer huldig of hulle onchristelik gedra, eers herhaalde kere broederlik vermaan. As hulle egter nie van hulle dwaling of skandelige lewe wil afsien nie, moet dit aan die gemeente of aan die wat deur die gemeente daarvoor aangewys is, gesê word. As hulle hulle ook nie aan laasgenoemde se vermaninge steur nie, word hulle nie langer tot die heilige sakramente toegelaat nie en uit die Christelike gemeente en deur God self uit die ryk van Christus uitgesluit. Hulle word weer as lede van Christus en sy gemeente aangeneem wanneer hulle werklike verbetering beloop en bewys (a).*

*(a) Matt 18:15-17; 1 Kor 5:4, 5, 11; 2 Kor 2:6-8.*

### **Tema: God se Woord as tug en troos**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, verlede Sondag het ons by die eerste van die twee sleutels van die koninkryk van die hemel stilgestaan. Ons het gehoor dat die verkondiging van die heilige evangelie die koninkryk vir die gelowiges oopsluit, maar vir die ongelowiges en skyngelowiges toesluit. Die gelowiges hoor die trooswoorde dat hulle sondes om Christus ontwil vergewe is en die poorte van die koninkryk staan wyd oop vir hulle. Die ongelowiges en huigelaars hoor egter dat die toorn van God en die ewige verdoemenis op hulle rus solank hulle hulle nie bekeer nie.

Vanoggend hoor ons hoe die tweede sleutel, naamlik die Christelike tug, werk. Baie mense wat van die Christelike tug hoor, spring sommer dadelik penorent, want volgens hulle hoort daar nie so iets soos tug in 'n Christelike gemeenskap nie. Hierdie reaksie kom by mense voor wat 'n verkeerde siening van Christelike tug het. Vir hulle is tug soos liefdelose straf wat op iemand toegepas word omdat hy hom nie wil neerlê by die kerk se manier van leer en lewe nie. Dit mag wees dat daar al in die verlede tug toegepas is in 'n kerk wat eerder na liefdelose straf gelyk het as na liefdevolle teregwysing.

Daar is egter 'n groot verskil tussen straf en tug. Die owerheid straf 'n misdadiger al het die misdadiger berou oor wat hy verkeerd gedoen het. By hierdie strafoplegging is daar nie sommer sprake van liefde nie, want die owerheid handel klinies volgens die wette van die land – dit is die wet, dit is die oortreding en daarop volg die voorgeskrewe straf. Tug, aan die ander kant, het glad nie die bedoeling om iemand uit die kerk uit weg te jaag nie. Inteendeel, tug is die handeling wat die kerk op bevel van Christus uitvoer om die sondaar terug te bring in die liefdeskring van God en sy kinders. Tug word allermins op grond van 'n wetboek toegepas, maar op grond van die Woord van God. Daarom sê ons dat die tweede sleutel van die koninkryk God se Woord as tug en troos is.

Iemand mag vra: Is tug werklik nodig in die kerk van die Here? Broers, susters en kinders, afgesien daarvan dat ons Here Jesus sy kerk in Matteus 18 beveel om die tug toe te pas, is die wese van die Christelike tug geleë in God se liefde – die liefde wat Hy in Christus aan die mens bewys. Ons kan dus sê: In die Christelike tug het ons te doen met die mens se antwoord op God se liefdesaanbod van ewige redding en verlossing deur Jesus Christus. Daarom word die wese en ware inhoud van die Christelike tug eintlik saamgevat in die woorde van Paulus:

**As iemand die Here Jesus Christus nie liefhet nie, laat hom 'n vervloeking wees!**  
(1 Korintiërs 16:22 AFR53).

Christus het Homself in die plek van die sondige mens voor die regbank van God gestel. Omdat Hy dit gedoen het, het Hy die smart en pyn tot in die dood aan die kruis verduur wat ons eintlik verdien het, sodat mense nie die straf van God op die sonde hoef te dra nie. In liefde het Jesus sy hande na ons, die verlore gaande sondaars, uitgesteek om ons te red van die ewige dood. Nou verwag, ja, eis Jesus dat ons hierdie liefde van Hom met liefde sal beantwoord deur sy reddingsdaad ter wille van ons in geloof en liefde aan te neem.

Om hierdie reddingsdaad van Christus in geloof en liefde aan te neem is iets wat inderdaad binne-in ons gebeur. 'n Mens kan mos nie sien as iemand glo dat Jesus Christus hom van die ewige dood verlos het nie. Maar die geloof in en liefde vir God kan onmoontlik vir altyd onsigbaar bly. Iemand wat waarlik glo, word deur die Heilige Gees in die hart verander. En wat in 'n mens se hart aangaan, sal een of ander tyd hoorbaar en sigbaar word in sy woorde en daede. Daarom sê Johannes in sy eerste brief: Ons liefde vir God word daarin duidelik dat ons sy gebooie gehoorsaam (1 Joh 5:3). Ons rig ons lewe in volgens die Woord van die Here omdat ons Hom liefhet en dankbaar is vir sy liefde vir ons.

Maar nou, en dit is die hartverskeurende werklikheid van die sonde, gebeur dit dat sommige mense om watter redes ook al nie hulle lewe volgens die Woord van die Here wil inrig nie. Iemand wat dit doen, sê inderwaarheid dat hy die Here nie liefhet nie, want hy gehoorsaam dan nie die gebooie van die Here nie. So 'n mens ignoreer, minag of klap die onbeskryflike groot liefde van Christus weg. So 'n mens het op die pad van 'n vervloekte geklim en is op weg na die ewige oordeel van God.

Geliefdes, aangesien die kerk die liggaam van Christus is waarin daar net plek is vir hulle wat Hom regtig liefhet, moet die wat Hom nie liefhet nie en op wie God se vervloeking rus uit die kerk geweerd word. So 'n mens is 'n slegte appel wat die hele kas appels vrot sal laat word. Haal eerder die slegte appel uit as om die hele kas appels weg te gooi. Om hierdie rede is Christelike tug uiters noodsaaklik. As die kerk maar die kanker van boosheid in hulle midde toelaat, hoe sal daar onderskeid getref kan word tussen die kerk en die wêreld wat Christus nie ken nie? Nee, vir die kerk om waarlik liggaam van Christus te bly, moet sy ook die Christelike tug toepas.

Nou wil ons egter weet hoe hierdie Christelike tug werk. Die Christelike tug begin nie by die ouderlinge soos ons so baie maal wil dink nie. Christelike tug begin by onself. Die verkondiging van die heilige evangelie het een van twee uitwerkings by 'n gelowige – óf ek gaan as lidmaat terug huis toe met die vertroostende wete dat al my sondes om Christus ontwil vergewe is, óf ek gaan huis toe met die verontrustende en benouende wete dat die toorn van God op my rus solank ek my nie bekeer nie. Omdat ek weet dat die Here in liefde met my gepraat het deur die verkondiging van die evangelie, bekeer ek my dadelik sonder versuim. Onder leiding van die Heilige Gees en aan die hand van die Woord het ek opreg berou oor my sonde en stry met alle mag daarteen. Omdat ek die Here liefhet, haal ek dan self die vrot appel uit my lewe voordat my hele lewe daardeur besmet word.

Eers wanneer dit duidelik word dat daar glad nie selftug is by 'n broer of 'n suster nie, word die kerk by die Christelike tug betrek. Omdat jy en ek die liefde van Christus ken en weet watter heerlike ervaring dit is om van jou sondes vergewe te wees, kan ons nie 'n broer of 'n suster sommer maar net los om met 'n onheilige en onbekeerlike lewe voort te gaan nie. Solank as wat daardie lidmaat in sy sonde volhard, ken hy nie die vreugde van vergifnis nie. Daarom beteken dit dat ons na mekaar sal omsien en alles binne ons vermoë doen om te keer dat die sonde 'n broer of suster oorweldig en in die verderf insleep.

Jesus leer ons in Matteus 18 hoe die Christelike tug onderling toegepas moet word. Wanneer ek volhard met 'n onchristelike optrede in my lewe en 'n medegelowige weet daarvan, moet hy of sy self eers kom om my te vermaan. 'n Mens vermaan dan met 'n besef van jou eie kleinheid omdat jy weet dat jy ook in dieselfde sonde kon geval het. Jy vermaan dan ook in 'n gees van sagmoedigheid en getrouheid om my te lei tot bekering en tot my behoud. Jy vermaan my ook nie asof ek 'n vyand is nie, maar soos jou broer, iemand vir wie Christus ook aan die kruis gesterf het. Dit alles gebeur uit die Woord van die Here. En as ek op grond van jou vermaning van harte berou het en my bekeer, sê Christus, het jy jou broer teruggewen. Verdere tug is dan nie meer nodig nie.

Hoekom moet ons die Christelike tug onderling toepas? Omdat Christus die sleutels van die koninkryk aan sy kerk gegee het en nie net aan die ouderlinge nie. Ons mag nie soos Kain sê dat ons nie ons broer se oppasser is nie. Ons moet na mekaar omsien. Dit is Christus se bevel. Maar ons sien na mekaar om – nie om van mekaar te skinder nie. Nee, ons doen dit om mekaar te help sodat niemand van God se kinders van die Here se pad afdwaal nie. En as die sondaar hom bekeer het op grond van jou vermaning, word daar nie verder oor die sonde met enigiemand anders gepraat nie. Die saak is afgehandel, want as daar bekering gekom het en die sondaar het die Here met 'n berouvolle hart om vergifnis gesmeek, is hy ter wille van Christus se offer vergewe. Dan is die sondaar se verhouding met God weer heel.

As jy egter na vele vermanings nog geen bekering by my sien nie, moet jy een of twee medegelowiges saambring om my te vermaan. Dit is nie omdat die vermaning deur meer as een mens groter waarde het nie. Alle vermanings het altyd ewe veel waarde, want die vermaning kom uit die Woord van God. Die medegelowiges wat saamkom, is daar om te getuig dat die vermaning wel in liefde en in ooreenstemming met die Bybel plaasgevind het. Eers wanneer ek na al hierdie vermanings ook nog nie geluister het nie, moet jy die klag by die ouderlinge indien. Dan moet die ouderlinge die vermanings verder voer. As ek dan nog nie berou het en my bekeer nie, volg die uitsluiting uit die koninkryk.

Wanneer ons hierdie liefdesweg volg soos Christus ons leer, besef ons dat Christelike tug nie bedoel is om die sondaar uit die kerk uit weg te jaag nie. Wanneer die sondaar hom so aanhoudend verhard het in sy sonde dat dit uiteindelik uitloop op die uitsluiting uit die koninkryk, is dit nie mense wat mense wegjaag nie. Die sondaar het homself met sy liefdelose en onchristelike lewe buite die koninkryk van God gestel. Met sy onchristelike lewe het hy self gesê dat hy die Here nie liefhet nie. En as die koninkryk dan uiteindelik vir hom toegesluit word, bevestig die Here Jesus deur die kerk net die sondaar se eie wegloop uit die koninkryk uit.

As ons mekaar nie vermaan nie, kan ons voor God skuldig wees aan geestelike moord. Luister hoe sê die Here dit aan Esegïel:

**Wanneer iemand wat tot dusver reg gelewe het, die regte lewe laat vaar en onreg doen, en Ek bring hom tot 'n val, sal hy sterwe. Omdat jy hom nie gewaarsku het nie, sal hy deur sy sonde sterf, en sal die goeie dinge wat hy gedoen het, nie onthou word nie, maar Ek sal van jou rekenskap eis vir sy dood.**

(Esegïel 3:20 AFR83)

Die Here sal dan vir ons ook vra: Waar is jou broer of suster? En as ons geweier het om ons broer of suster te vermaan, sal ons ook moet antwoord: Here, ek wou hom of haar nie oppas nie.

Iemand met wie daar egter in liefde die hele pad geloop is, soos ons dit leer in Matteus 18, en hy word uiteindelik as gevolg van sy verharding uit die kerk uitgesluit, is hy nie maar net uit die kerk uitgesluit. Christus sê dan:

**Alles wat julle op die aarde bind, sal in die hemel gebonde wees.**  
(Matteus 18:18 AFR53)

So 'n mens word deur Christus self uit die koninkryk van die hemel uitgesluit. Dit beteken dan dat hy vir die ewige dood bestem is solank hy weier om hom te bekeer.

Nou kan iemand vra: Is die uitsluiting uit die kerk uit die doel van tug? Nee, geliefdes. Die Here wil immers nie hê dat die sondaar as gevolg van sy sonde sterf nie, maar dat hy hom sal bekeer en bly lewe. Eintlik het die Christelike tug 'n drieledige doel.

Eerstens gaan dit oor die eer van God. Alles wat ons doen en sê moet tog gedoen en gesê word tot eer van God. Maar wanneer iemand nie meer lewe en praat tot eer van God nie, moet hy ter wille van God se heilige Naam vermaan word.

Tweedens gaan dit oor die behoud van die sondaar. Met die Christelike tug roep die Here in liefde na die sondaar sodat hy hom sal bekeer van sy verkeerde weë en weer die verlossing in Christus met geloof en liefde omhels. Die Christelike tug het juis die ewige redding van die sondaar in die oog net soos wat die doel van ouerlike tug is om die kind van erger kwaad te weerhou.

Derdens gaan dit oor die heiligheid van die gemeente. As 'n kerk maar gelate toelaat dat 'n broer of suster volhard in hulle sonde, nie daardie slegte appel uithaal nie, hoe kan die kerk dan heilig bly? Daardie slegte appel gaan almal ten kwade beïnvloed. Om heilig te wees beteken juis dat die kerk anders as die wêreld moet wees. Maar as die kerk voortwoeker in die sonde soos hulle wat Christus nie wil erken nie, wat maak die kerk dan anders as die wêreld? Niks nie, want die kerk het dan 'n onheilige klomp mense geword wat nie meer die liggaam van Christus genoem kan word nie.

En die sondaar voor wie die poorte van die koninkryk uiteindelik toegesluit moet word, mag nie maar net gelos word nie. Christus sê dat so 'n mens soos 'n heiden en 'n tollenaar behandel moet word. Nou weet ons ook hoe Jesus die heidene en tollenaars behandel het. Hy het uit sy pad gegaan om die evangelie van die koninkryk aan hulle te verkondig. Ook ons moet daardie sondaar weer en weer gaan bearbei omdat ons nie nou kan sê wat die Here uiteindelik met hom of haar wil doen nie. Miskien is sy of haar naam tog in die boek van die lewe geskryf; ons weet nie.

As die sondaar deur God bedoel is vir die ewige lewe, sal die Here deur sy Gees die berou en bekering in so 'n mens se hart werk. Dit is berou en bekering wat daartoe sal lei dat die mens werklike verbetering van sy lewe beloof en bewys. Dan volg die weg van weer opneem in die kerk, want hy is waarlik 'n lidmaat van Christus.

Christus het aan sy kerk 'n groot en verantwoordelike opdrag gegee toe Hy die sleutels van die koninkryk aan ons gegee het. Laat ons hierdie sleutels in verantwoordelikheid hanteer tot eer van God en tot troos van God se kinders. Mag die Gereformeerde Kerk Bellville nooit ophou om die heilige evangelie suiwer te verkondig nie en nooit ophou om die Christelike tug toe te pas nie.

**Amen!**

## Slotgebed

### Skrifberyming 15-4:2, 3, 4, 5 (40:2, 3, 4, 5)

- 2 Jou liefde en trou, aan My verpand, / hou in die martelvure stand;  
en jou geloof is vas ten spyt / van Satans felste woede en nyd.
- 3 Maar in jou midde sluip die slang / wat siele in sy liste vang.  
Die lokwoord uit sy leuenmond / verlei die volk van my verbond.
- 4 Waak op en stuit die kwaad! Waarom / sal Ek in gramskap na jou kom  
en met die slagswaard van my mond / my vyand neerwerp teen die grond?
- 5 Ek roep dit uit voor wie 'n oor, / voor wie 'n hart het – laat hom hoor,  
gewillig as die Gees getuig / om na my wil sy wil te buig.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
14 September 2014